


Claas se kontrei



Vlees en bloed kan net sóveel keer by 'n rare padpredikant verbyry voordat nuuskierigheid die oorhand kry.

TEKS EN FOTO'S: GERT PRETORIUS

Waar die R62 tussen Robertson en Ashton deur die landskap kronkel wat half-Boland en half-Klein-Karoo is, staan só 'n koerswyser. "Klaasvoogds", sê hy.

Die boorde en berge verklap egter niks aan die verbyryers nie. Jy móét afdraai.

Dan, amper dadelik, nooi 'n inligtingbord jou na restaurante, 'n kaktustuin, gastehuse, olyf- en wynplase, 'n reservaat, en veel meer.

Van die valleivloer af strek die boorde, wingerde en rante tot teen die Langeberg. Jy het skaars begin ry, dan word Van Wyk

Louw se woorde jou wete: "Die jaar word ryp in goue akkerblare, in wingerd wat verbruin ..."

Ook die populiere se geel blare en kaal, wit takke wys die rypword.

Die oorblyplek wat my roep, heet **Assegai Rest** – met sy gastehuis en tepee-tente. Die grondpad daarheen laat die klippertjies spat en 'n stoffie dwarrel. Só 'n pad voel eg, en so aards soos om 'n bok grondlangs te bekruipe.

Soos op verre grasvlaktes ... Elke tepee op Assegai Rest is soos die

kegelvormige beesvel-tente van die inheemse Amerikaners uit die jare her. Hulle het oor wye grasvelde getrek en bisonbuffels gejag.

Hulle veldkombuis was 'n gat in die grond wat met beesvel uitgevoer is. En hulle het water met behulp van warm klippe gekook om blokkies bisonvleis, mielies, skorsies, bone en wilde rys gaar te kry.

Assegai Rest se tepees het egter sonkrag, gas vir kook en warm stort, tafels en stoele, braaiplek, hout en fynhout. Elkeen het slaapplek vir vyf. Die vuurmaakplek in die middel is jou kaggel. Die gaste kan ook in 'n tepee gemasseer word. Só lyk swerf-met-styl!

Hier wei ook nie bisons nie, maar Gallowaybeeste – klein van lyf en gemoedelik van aard. Die kalwers is goudbruin, die koeie swart met dieprooi rûe.

Oorkant die rivier kiek 'n infrarooi-kamera ook bosvarke, ystervarke, bosbokke en 'n luiperd.

Soos die toenmalige jagters met hulle koptooisels van vere, word daar op Assegai Rest ook met pyl en boog geskiet – ook kleidui. Dit is groot pret, soos die inskrywings in die besoekersboek getuig.

Die gastehuis het, soos die tepees, alles wat nodig is – van eierkelties en ekstra koppelstukke vir elektriese gereedskap, tot warmwatersakke in die kamer en

'n hangmat op die stoep.

En troeteldiere is welkom.

Dit word toe die basis waarvandaan ons die vallei verken.

Groot plante, klein saadjies

By die **Sheilam-kaktustuin** verwelkom 'n mengelmoes kaktusse, aalwyne, noorsdorings en vetplante jou. En net langsaan steek talle broodbome hulle arms na jou toe uit.

Dié plante is dekades lank van oraloor versamel, vertel **Minette Schwegmann**. Toe sy en haar man hier begin het, het sy haar graad in plantkunde afgestof en die kweek van kaktusse, vetplante en broodbome gevestig. Vandag voer hulle plante en saad wêreldwyd uit.

Sy lei graag kinders in die wonderwêreld van kaktusse in, en dikwels doen sy dit met dié fabel: "Nadat God die aarde gemaak het, het Hy die plante op 'n toer geneem. Hulle kon kies waar hulle wou bly.

"Die fynbos het die Kaapse kusgebied gekies, die gróót bome die noordelike streke. In die woestynstreke het Hy die taaistes laat bly, en in die savannas die gras met lang dun stingels wat in stormwinde kan buig.

"In die Amerikas het Hy vir sommige 'n waslagie gegee om hulle teen droogte te beskerm. Vir dié met die dik stamme en dik blare wat bang was die bokke gaan hulle vreet, het Hy dorings gegee. En toe hulle kla dat niemand dan van hulle gaan hou nie, het Hy vir hulle die mooiste blomme gegee."

Sommige kaktusse hier by Sheilam staan op aandag. Ander is rondvet, soos die geelgroen "Skoonma-se-stoel". Sommige het stekels soos naalde; ander borselhare. En enkeles het witgrys hare soos 'n grysaard se baard.

Skaars plante soos boesmansdruif, olifantsvoet en halfmense vang die oog. En natuurlik die fyn saadjies van hierdie tamaai plante – 'n duisend van die kleinstetjies weeg minder as 0,1 gram.

Dalk moet 'n mens net eers mik om geloof so groot soos dié te kan hê ...

Restaurante en wynplase

Die plaas **Fraai Uitzicht** het sy naam in 1798 gekry. Maar die vergesig oor die vallei is tans dalk mooier. Jy sien groengeel wingerde, rooi bougainvilleas, 'n strook riete, en berghange vol son- en skadukolle.

Die plaas bied gesogte verblyf – luukse kamers, eenhede in die oudste gebou, en huise in die rustige tuin. Die restaurant het keurige kos op die spyskaart, maar is nie heeljaar oop nie. Daar word daaglik wynproeë aangebied.

Ook die wynplaas **Kranskop** gee 'n wyehoek-uitsig oor die vallei. Oor wingerde en damme, tot waar die Sonderendberg die horison kartel. Die hoë kop met sy kranse-muur is twee keer so hoog bo seevlak soos die vallei. Dit gee aan die grond 'n eie karakter – en keer op keer 'n skouerklap en toekennings vir **Néwald Marais**, die eienaar en wynmaker.

Een van die minder bekende wyne op Kranskop se lys is tannat, 'n geurige druifsoort uit die suidweste van Frankryk.

Die restaurant, vierster-gastehuis en spa op **Rosendal** kyk uit op 'n watrgat langs die rivier. Die mense hier maak jaarliks 'n relatief klein hoeveelheid wyn, met die fokus op gehalte.

Terwyl daar middagete vir die gaste voorgesit word, stap ses meisies met dik, wit kamerjasse verby. Vyf van hulle bederf die ander een met 'n spa-behandeling. Die personeel sê dié behandeling verfris jou volkome, en bring 'n omneswaai in jou lewe.

Die eienaars van die gastehuis en restaurant Mo and Rose op **Soekershof** streef daarna om 'n toevlugsoord te wees waar besoekers in die gerief van luukse kamers kan oorbly. Die restaurant bied etes vir die gaste, en is ook saans oop vir enigiemand wat vooraf bespreek.

Soos die gastekamers, kyk ook die restaurant uit op die tuin waar kokers, boom-aalwyne en hoë kaktusse soos standbeelde staan. Baie hiervan was vroeër deel van die Sheilam-versameling.

Knap gedaan!

Op pad uit die vallei uit wonder ek wat kompanjie-offisier Claas Voogts sou dink as hy die plase en produkte vandag sou kon sien.

En ek verbeel my ek hoor hom sê: "Wat een prachtig gezicht! Jullie hebben hier goed gedaan!"

Links bo: As die jaar ryp word in Klaasvoogds. Onder: Assegai Rest se tepeetente is enig in hulle soort.



FOTO: ASSEGAI REST